Groep Inkomstestaat

	Jaar geëindig 30 September 2003 R'm	2002 R'm
Inkomste	**7 889,5**	6 512,3
Bedryfswins voor waardevermindering	**623,3**	513,1
Waardevermindering	**(161,2)**	(162,8)
Bedryfswins voor uitsonderlike items	**462,1**	350,3
Uitsonderlike items	**(73,9)**	(7,1)
Bedryfswins na uitsonderlike items	**388,2**	343,2
Beleggingsinkomste	**53,9**	70,1
Finansieringskoste	**(107,3)**	(92,9)
Wins uit geassosieerde maatskappye	**3,8**	0,3
Netto wins voor belasting	**338,6**	320,7
Belasting	**(116,8)**	(88,4)
Netto wins na belasting	**221,8**	232,3
Toeskryfbaar aan minderheidsaandeelhouers	**(4,4)**	(4,4)
Netto wins vir die jaar	**217,4**	227,9
Aangepas vir uitsonderlike items	**73,9**	7,1
Wins met verkoop van bates	**(10,7)**	(4,7)
Wins met verkoop van beleggings	**(0,6)**	(0,1)
Permanente waardedaling in bates	**54,9**	7,9
Klandisiewaarde afgeskryf	**30,3**	4,0
Belasting effek op uitsonderlike items	**0,4**	(1,4)
Wesensverdienste	**291,7**	233,6
Aantal uitgereikte gewone aandele (miljoen)	**183,1**	183,0
Geweegde gemiddelde aantal gewone aandele (miljoen)	**170,2**	170,3
Wesensverdienste per gewone aandeel (sent)	**171,4**	137,2
Dividend per gewone aandeel (sent)	**38,2**	29,5

Segmentele Ontleding

	Jaar geëindig 30 September 2003 R'm	%	2002 R'm	%
Segment inkomste				
Stapelvoedsels	**6 535,8**	**81,1%**	5 571,2	83,9%
Handelsmerkprodukte	**1 348,9**	**16,7%**	878,9	13,2%
Ongeallokeerd	**172,0**	**2,2%**	190,2	2,9%
	8 056,7	**100,0%**	6 640,3	100,0%
Min: Interne inkomste	**(167,2)**		(128,0)	
	7 889,5		6 512,3	
Segment resultate				
Stapelvoedsels	**329,7**	**71,3%**	285,5	81,5%
Handelsmerkprodukte	**145,6**	**31,5%**	84,4	24,1%
Ongeallokeerd	**(13,2)**	**(2,8%)**	(19,6)	(5,6%)
	462,1	**100,0%**	350,3	100,0%

Groep Balansstaat

	Op 30 September 2003 R'm	2002 R'm
Bates		
Vaste en ontasbare bates	**871,8**	956,9
Beleggings en lenings	**325,6**	318,8
Uitgestelde belasting	**9,5**	14,0
Nie-bedryfsbates	**1 206,9**	1 289,7
Bedryfsbates	**1 884,1**	2 036,3
Voorraad	**872,8**	1 062,8
Debiteure	**732,1**	791,9
Kontant en korttermynbeleggings	**279,2**	181,6
Totale bates	**3 091,0**	3 326,0
Ekwiteit en verpligtinge		
Kapitaal en reserwes	**1 770,9**	1 630,4
Minderheidsbelang	**17,0**	12,8
Nie-bedryfslaste	**387,8**	362,9
Langtermynverpligtinge	**315,3**	316,8
Uitgestelde belasting	**72,5**	46,1
Bedryfslaste	**915,3**	1 319,9
Krediteure, voorsienings en aandeelhouers vir dividend	**891,9**	847,2
Oortrokke bank en korttermynlenings	**23,4**	472,7
Totale ekwiteit en verpligtinge	**3 091,0**	3 326,0

Groep Kontantvloeistaat

	Jaar geëindig 30 September 2003 R'm	2002 R'm
Kontantwins uit bedryfsaktiwiteite	**623,3**	513,1
Verskansingsreserwe veranderinge	**(15,6)**	17,8
Bedryfskapitaalveranderinge	**163,1**	(233,8)
Kontant voortgebring deur bedrywighede	**770,8**	297,1
Rente ontvang	**18,2**	37,9
Rente betaal	**(107,3)**	(92,9)
Dividende ontvang	**35,7**	32,2
Dividende betaal	**(53,6)**	(32,8)
Belasting betaal	**(107,1)**	(42,4)
Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	**556,7**	199,1
Netto kontantvloei van beleggingsaktiwiteite	**(162,8)**	(366,3)
Netto kontant surplus/(tekort)	**393,9**	(167,2)
Netto kontantvloei van finansieringsaktiwiteite	**153,0**	(281,0)
Netto toename/(afname) in kontant en kontant ekwivalente	**546,9**	(448,2)

Groep Staat van Veranderinge in Ekwiteit

	Jaar geëindig 30 September 2003 R'm	2002 R'm
Aandelekapitaal en -premie	**746,7**	747,0
Beginsaldo	**747,0**	780,6
Verandering in rekeningkundige beleid	**–**	(33,7)
Aandele uitgereik	**0,5**	–
Terugkoop van tesourie aandele	**(0,8)**	0,1
Nie-verdeelbare reserwes	**8,7**	31,8
Beginsaldo	**31,8**	7,0
Oordragte van verdeelbare reserwes	**0,4**	0,2
Omrekening van buitelandse valuta	**(8,4)**	6,8
Waardasiereserwe op markwaarde van aandele	**1,2**	–
Verskansingsreserwe	**(16,3)**	17,8
Verdeelbare reserwes	**1 015,5**	851,6
Beginsaldo	**851,6**	653,3
Verandering in rekeningkundige beleid	**–**	3,4
Netto wins	**217,4**	227,9
Dividend	**(53,1)**	(32,8)
Oordragte na nie-verdeelbare reserwes	**(0,4)**	(0,2)
Totale ekwiteit	**1 770,9**	1 630,4

Kommentaar

Die Groep het die afgelope jaar goed presteer en dit is veral verblydend dat alle bedrywe 'n positiewe bydrae tot die goeie resultate gemaak het. Inkomste het met 21% toegeneem tot R7,9 miljard, terwyl wesensverdienste met 25% tot R292 miljoen gegroei het. Indien die toevoeging van S.A.D se inkomste van R680 miljoen, wat vanjaar vir die eerste keer vir 'n volle jaar ingesluit is, buite rekening gelaat word, het inkomste steeds met 14% gegroei. Hierdie groei is tot 'n groot mate in die eerste helfte van die jaar behaal, nog in opvolging van die stygende tendens in voedselpryse in die 2002 kalenderjaar. Nieteenstaande afwaartse druk op verkooppryse wat in die tweede helfte van die jaar ervaar is, het die winsmarges verbeter. Die posisionering van aankoopplanne vir grondstowwe, na die versterking van die Rand, het hoofsaaklik bygedra tot die beter resultate. Die segmentele ontleding toon verder dat die verhoudelike bydrae van handelsmerkprodukte tot totale inkomste, asook dat die handelsmerkproduk winsmarges verhoog het. Kontantwins uit bedryfsaktiwiteite het met 21% toegeneem tot R623 miljoen, terwyl R163 miljoen uit bedryfskapitaal ontsluit is as gevolg van die dalende prys tendense. Netto rentedraende skuld het skerp afgeneem van R611 miljoen tot R216 miljoen, oftewel 'n verhouding van vreemde tot eie kapitaal van 12%.

Die maal- en bakdivisie se winsgewendheid het goed herstel in die tweede helfte van die jaar en vir die volle jaar is die goeie prestasie van die vorige jaar feitlik ge-ewenaar. Die agri-divisie het baie bevredigende groei in resultate behaal nieteenstaande ongunstige grondstofkoste in die voerebesigheid vir die grootste deel van die jaar.

Bokomo Foods het bevredigend presteer met veral die bevrore voedselbesigheid, Today's, wat uitstekende groei getoon het.

Die versterking van die Rand het S.A.D as divisie se winsgewendheid die meeste benadeel. Die vasteprys-kontrakte vir grondstowwe wat reeds in Oktober 2002 gesluit is, was uiteraard onwinsgewend wat die 40% uitvoerbesigheid van S.A.D betref. Die binnelandse besigheid het egter bevredigend presteer.

Die verpakkingsbesigheid, Craft Box Corrugated, het goed presteer en verdere groei in resultate behaal. Ceres Fruit Juices het 'n geringe daling in verdienste gehad, hoofsaaklik ook die gevolg van die besigheid se blootstelling aan 'n sterker Rand.

Die besighede in die ander Afrika lande het almal bevredigend presteer en 'n wesenlike verbetering in resultate is in die tweede helfte van die jaar behaal.

Uitbreidings

Heinz Foods (S.A.)
Hierdie maatskappy is 'n gesamentlike onderneming tussen Pioneer Foods en H J Heinz van Amerika en is op 1 November 2003 in bedryf gestel. Die maatskappy sal fokus op tamatiesous en smaakmiddels, bevrore voedsel, boontjies en soppe, asook tuna en seekos-produkte. Behalwe vir bekende handelsmerke soos *Heinz Ketchup*, *Wellington's* en *John West*, vorm die *Today's* bevrore voedsel besigheid van Pioneer Foods ook voortaan deel van die maatskappy. H J Heinz se wêreldklas tegnologie sal aangewend word om produkte in Suid-Afrika te vervaardig.

Ceres Fruit Juices
Sedert die jaareinde is die Groep se belang in Ceres Fruit Juices van 37,5% tot 75% verhoog. 'n Suksesvolle aanbod is gemaak aan die houers van die addisionele belang vir 'n bedrag van R146,3 miljoen. Die aanbod is egter nog onderhewig aan goedkeuring deur die mededingingsowerhede.

Die Toekoms

Die Groep se verdienste in die nuwe jaar sal baat by 'n laer rentekoste as gevolg van die daling in rentekoerse en die laer skuldvlakke. Optimale winsmarges word egter reeds in die meeste besigheidseenhede gerealiseer en teen die agtergrond van die dalende inflasiekoers, sal die bogemiddelde groeitendens van die afgelope twee jaar moeilik gehandhaaf word.

Bemagtigingstransaksie

Die bestuur en direksie is deurlopend in gesprekke om transformasie op Groep-aandeelhouersvlak te bevorder. Met die steun van die Groep se groot aandeelhouers, het die direksie bestuur gemagtig om met potensiële bemagtigingsvennote te onderhandel ten einde 'n wesenlike belang in Pioneer Foods te bekom. Vordering in hierdie verband sal tydig aan aandeelhouers gekommunikeer word.

Dividende

'n Finale dividend van 28,4 sent per aandeel is verklaar. Die totale dividend vir die jaar beloop dus 38,2 sent per aandeel, oftewel R70 miljoen en verteenwoordig 'n styging van 30%.

Die dividend is betaalbaar op 30 Januarie 2004 aan alle aandeelhouers soos geregistreer op 31 Desember 2003.

In opdrag van die direksie.

H E Blanckenberg
Voorsitter

W A Hanekom
Besturende Direkteur

Paarl, 26 November 2003
Internet: http://www.pnr.co.za

Die jaarverslag vir 2003 sal versprei word teen die einde van Januarie 2004.